

23 Mei

Skrifgedeelte: Eksodus 14:15-15:21 (OAV)

Fokusgedeelte: Eksodus 14:13, 30-31

Glo en sien

Die noute waarin Israel beland het met die see aan hul voorkant en die Egiptiese magte wat hulle van agter inhaal, het klagtes, twyfel en ongeloof ontlok. Moses kry van God die versekering dat Hy hulle sal verlos – tot verheerliking van sy Naam. Daarom word die Israeliete opgeroep om nie bang te wees nie. Hulle moet net stil wees en die verlossing aanskou. Daarby moet hulle mooi kyk, want hulle sal die Egiptenare nooit weer so sien nie.

Mens kan dieselfde ding op twee maniere sien: Wie in ongeloof na die aardse omstandighede kyk, kom een of ander tyd in die noute. Wie gelowig daarna kyk, word stil en sien God se oorwinnende heerskappy raak.

Vroeër het hulle gesien hoe hulle seuntjies in die water van die Nyl sterf. Nou sien hulle hoe die sterk manne van Egipte in die waters van die Skelfsee sterf. So red die Here hulle uit die hand van die Egiptenare.

Ons ervaar so maklik twyfel oor God se pad met ons en sy mag om werklik te help. Twyfel kom so maklik veral as jy nog niks sien nie. Nou het Israel egter weer gesien., daarom vrees hulle God en glo hulle weer in Hom. Só word die evangelie van ons Here Jesus Christus gedra deur sigbare getuies. Boonop word dit ook deur die Heilige Gees in ons harte bevestig.

Sing: Psalm 33:2

Ds SA Cilliers (Waterberg)